# St. Methodius

## 14 Junie

(788—847)



Hy was ‘n Siciliaan van adellike afkoms wat vir homself ‘n roemryke loopbaan wou gaan maak in die destydse Konstantinopel, hoofstad van die Bisantynse Ryk. Hy besef egter gou dat geld en materiële welvaart hom nie geluk sal bring nie. Hy tree in by ‘n klooster en word later in diens geneem deur die patriarg, Niceforus. Saam met die patriarg word hy verban deur die ikonoklastiese keiser Leo, wat probeer het om van alle afbeeldinge en ikone in die kerke ontslae te raak. Later beland Methodius in die tronk omdat hy bly weier het om die ikonoklastiese kettery te steun. Uiteindelik word hy in 842 deur die toedoen van keiserin Theodora tot patriarg van Konstantinopel gewy en herstel hy die tradisionele rol wat ikone en kerkkuns in die Christelike aanbidding gespeel het.

© Die Oratorium Uitgewery